

## VOORTGESETTE SAMEWERKING HEEN BELASTINGDEURSIGTIGHEID DEUR UITRUIL VAN INLIGTING

**Tshwane, 22 November 2021** - Belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting was op die voorgrond van die internasionale belasting-agenda die afgelope week met die rug-aan-rug aanbied van die Afrika Inisiatief en OECD-wêreldforum oor deursigtigheid en uitruil van inligting vir belastingdoeleindes (wêreldforum) algemene byeenkomste.

Die wêreldforum het in 2014 die Afrika Inisiatief bekendgestel om te verseker dat Afrika-lande toegerus is om voordeel te trek uit verbeteringe in wêreldwye deursigtigheid en uitruil van inligting om belastingontduiking beter te kan aanspreek. Dit is belangriker as ooit, soos bewys deur die onlangse lekkasie van die Pandorapapiere en voortgesette groei in die outomatiese uitruil van inligting.

Onder die leierskap van die kommissarisgeneraal van Kenia se inkomsteowerheid, mnr. Githii Mburu, en kommissaris Kieswetter, onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van die Afrika Inisiatief, het die byeenkoms Rwanda verwelkom wat die 32ste ondertekenaar van die Yaoundeverklaring geword het. Hierdie is 'n fel verklaring heens die bekamping van onwettige finansiële strome (IFF'e) deur die uitruil van belastinginligting. Die leierskap se mandaat is met nog 'n jaar verleng.

Die 10de byeenkoms van die Afrika Inisiatief is bygewoon deur verteenwoordigers van 26 Afrikalande wat uitgewei het oor vordering rakende die twee strategiese pillare van die Afrika Inisiatief, naamlik: (i) politieke bewusmaking en toegewyding in Afrika, en (ii) ontwikkeling van kapasiteit in Afrikalande in deursigtigheid en uitruil van inligting.

As 'n direkte gevolg van die leer-die-opleierprogram wat in 2021 bekendgestel is, is reeds meer as 2 000 beamptes uit Afrikalande opgelei in die uitruil van inligting. Twee beamptes uit Suid-Afrika het die leer-die-leermeesterprogram suksesvol voltooi en 'n bykomende 60 SARS-beamptes is tot op hede deur hierdie twee beamptes opgelei in die uitruil van inligting protokol, met verdere opleiding beplan in die komende maande. Met nagenoeg 38% van die wêreldforum se kapasiteituitbreidingswerk aan Afrika toegeken in 2021, het kommissaris Kieswetter die belangrikheid uitgelig van voortgesette dryf tot die uitbrei van uitruil van inligting kapasiteit op die kontinent om belastingontduiking te bekamp. Die vordering van die werksgroep oor oorgrense bystand in die herwinning van belastingeise as belangrike gevolg van effektiewe uitruil van inligting, is verwelkom.

Die 14de algemene byeenkoms van die wêreldforum is bygewoon deur meer as 700 deelnemers uit 130 regsgebiede en 12 internasionale organisasies.

Die wêreldforum het die geleentheid van die algemene byeenkoms gebruik gemaak om die 10de herdenking te vier van sy kapasiteitsbou- en uitreikingsprogram en sy

sukses met die instaatstelling van ontwikkelende lande om broodnodige inkomste te verseker.

Die algemene byeenkoms het bovlakkige paneelbesprekings gedek oor deursigtigheid en uitruil van inligting ter dienslewering van ekonomiese herstel, lesse geleer oor meervoudige laterale samewerking en die uitdagings op die reis na outomatiese uitruil van inligting.

Kommissaris Kieswetter, wat ook dien as ondervoorsitter van die wêreldforum, het vordering verwelkom rakende die outomatiese uitruil van inligting en die aanneem van die tweede weergawe van die algemene verslaggewingstandaard (CRS).

Suid-Afrika het CRS-data na 76 vennootregsgebiede versend, en 96 vennootregsgebiede het hul uitruilverpligtinge met Suid-Afrika nagekom. Sonder om na die besonderhede oor die aantal en waarde te kyk wat tussen SARS en sy vennote verslag gedoen is, dui die wêreldforum se jaarlikse verslag aan dat, in 2020, inligting oor meer as 75 miljoen finansiële transaksies wêreldwyd, wat totale bates van nagenoeg EUR 9 triljoen behels, outomaties uitgeruil is.

"Soos bedryfsmodelle meer en meer ontwikkel om meer digitaal, nieplaaslik en virtueel te wees, en fisiese grense minder van toepassing is in die produksie en beweging van goedere en dienste, is nasionale belastingbasse onder konstante bedreiging van erosie. Dit is noodsaaklik om met belastingadministrasies saam te werk om die belastingekosisteem te verbeter om sodoende voordeel te trek uit belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting. Ons vorder op ons reis heens die herbou van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit, wat vertrou en bewonder is. Die sleutel hiertoe is die aanvulling van ons menslike vermoëns deur voordeel te trek uit instaatstellende tegnologie en data deur kunsmatige intelligensie met gebruik van gesofistikeerde masjiengedrewe algoritmes. Terwyl ons die gebruik van data vermeerder en uitbrei, vorm EOI en AEOI 'n waardevolle databron wat ons wydstrekkende derdepartydatabewaarplek aanvul en die naspoor van belastingpligtiges en handelaars wat nienakomend is in staat stel. Nienakoming sal duur en moeilik wees, daarom moedig ek belastingpligtiges en handelaars aan om die regte ding te doen deur vrywillig nakomend te wees", het kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting oor die onderwerp van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting, verwys asseblief na die volgende:

- [Statement of outcomes of the 10th Africa Initiative meeting, 15 November 2021](#)
- [Statement of outcomes of the 14th OECD Global Forum Plenary, 19 November 2021](#)

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).